**27 Februarie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 13:1-12**
**Fokusgedeelte: Handelinge 13:2-4**

## God se missie vertel van sy koninkryk

Dit vertel dat Hy van ewigheid tot ewigheid regeer. Ook van die duiwel wat deur sondeverleiding ’n blinder tussen God en sy skepping ingetrek het, sodat die mens sy heerskappy miskyk. Maar dit vertel veral van Jesus Christus wat met sy eerste koms en optrede ’n gat in die blinder slaan en met sy wederkoms die blinder wegvat. Uit die gevalle mensdom roep en wederbaar God sy kerk. Hulle sien die gat in die blinder raak, kyk daardeur en herken en erken die ware Koning.

In Handelinge 13 word die plaaslike kerk in Antiochië by God se missie betrek. Met die verlossingsboodskap van God moet die kerk na binne opgebou word en moet die kerk na buite tot die wêreld uitgaan. Daartoe is die kerk geroep.

Die kerk is dus nie net daar ter wille van die wêreld nie. Die kerk het bestaansreg in haarself. Van die vyf profete en leraars word immers slegs twee afgesonder om uit te gaan na die wêreld. Tog het die broeders besef dat hierdie ’n uiters belangrike ontwikkeling was: die vervulling van Handelinge 9:15: “... hy (Paulus) is vir My ’n uitverkore werktuig om my Naam te dra *voor nasies* en konings en die kinders van Israel.” Na binne én na buite.

Die eerste bestemming na buite is die eiland Ciprus. Barnabas was daarvandaan afkomstig. Hulle begin dus op ’n bekende plek. Gou kry hulle teenstand in die persoon van ’n Joodse towenaar wat vir homself die titel Élimas (siener) verwerf het, maar hy was ’n valse profeet. In die hof van die goewerneur, Sergius Paulus, het hy hoë aansien geniet en wou verhinder dat die goewerneur die evangelie aanneem. Saulus – van nou af word hy Paulus genoem – het in opdrag van die Heilige Gees die towenaar met blindheid geslaan omdat hy ’n struikelblok was vir iemand wat Gods Woord wou hoor.

Die prediking en die bestraffing van Élimas het die goewerneur diep aangegryp en hy het tot geloof in Jesus Christus gekom. Skielik kon hy deur die gat in die blinder sien!

Is u as deel van die plaaslike kerk betrokke by God se missie na binne en na buite?

*Sing: Psalm 89:6 (1936)* *Ds. JJ de Kock (Vaalharts)*